

18 Maart

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 10:16, 17; 11:23-26
HK, Vraag 77

Instelling van die Here

Die nagmaal is nie 'n uitvindsel van mense nie, maar 'n instelling van die Here Jesus self. Die apostels het die nagmaal direk van die Here ontvang en aan sy kerk oorgelewer.

Die nagmaal is ingestel in die nag waarin die Here Jesus verraai is. Hulle was besig om die pasga te vier. Die pasga het uit twee dele bestaan. Eerstens was daar die offer van die lam. Die lam word in die plek van die mens geslag. Tweedens is daar die offermaaltyd. Dat hulle deel het aan die offer vier hulle met blydschap.

Jesus stel die nagmaal in as offermaaltyd terwyl Hy self die offer bring. Hoe verskillend het daardie nag en volgende dag daarom vir Jesus en vir die dissipels verloop! Hulle het deel aan sy gekruisigde liggaam en uitgestorte bloed. Hulle hoef nie die kruis te gedra het nie, net Hy het dit gedoen. Hulle liggame is nie aan die kruis gespyker nie en hulle bloed is nie vergiet nie, net syne! Tog kry hulle die volle vrug van die kruisoffer. Hulle skuld is betaal. Hulle is verlos van die toorn van God – net Hy moes dit dra.

Om te dink Hy bring die offer en ons hoef net die offermaaltyd te vier. Sy offer bring versoening. By die offermaaltyd eet en vier ons die vrug van die offer met vreugde! Dit is wat ons direk van die Here ontvang!

Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2

Ds. C Hattingh (Randburg)

~~~~~